# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA (WITWATERSRANDSE PLAASLIKE AFDELING)

SAAK NO:2002/14262
VAKKIE NO: 1000

JOHANNESBURG 30 AUGUSTUS 2002
VOOR SY EDELE REGTER COETZEE

In die aansoek van :-

MARX MARIA JOHANNA SOPHIA — Applikant

en

DE BRUYN JACOBUS ALWYN
ID. 6005285014000 — 1ste Respondent

DE BRUYN HENDRIKA
ID. 6008090019008 — 2de Respondent

Getroud Binne Gemeenskap van Goed.

Na deurlees van die dokumente wat ingedien is en nadat die saak oorweeg is :-

GELAS DIE HOF:

1. Dat die boedel van bogenoemde respondente hiermee onder voorlopige sekwestrasie in die hande van die Meester geplaas word.

2. Dat respondente of enige ander belanghebbende wat so 'n bevel wil verhoed opgeroep word om op 1 Oktober 2002 om 10h00 of so gou daarna as wat die saak aangehoor kan word in hierdie Hof te verskyn en dan redes aan te voer waarom respondente se boedel nie onder finale sekwestrasie geplaas moet word nie.

3. Kennisgewing van hierdie bevel moet sonder versuim per gesertifiseerde pos of per gekwiteerde telefax transmissie versend word aan alle bekende krediteure van die Respondent.

DEUR DIE HOF

GRIFFIER
/jh